

Die Geheime Bloemfontein-Konferensie

DEUR

DR. W. J. B. PIENAAR

Proloog deur

PROF. D. F. MALHERBE

Vir Helledag- en Kultuurfeeste



3/9

— DIE —
BLOEMFONTEIN-KONFERENSIE

Hierdie foto is geneem in Kaapstad onmiddellik voor die vertrek van Lord Milner en sy staf na Blcemfontein.



[Met verlof van Taylors-Ateljees Beperk, Kaapstad.

VOORSTE RY. Links tot regs. Mnr. Fiddes, Lady Bentinck, Sir Alfred Milner,
mev. Hanbury-Williams, mnr. Walrond.

AGTERSTE RY. Lord Belgrave, Lady Edward Cecil, Kapt. Chester-Masters en
Kol. Hanbury-Williams.

Die Geheime Bloemfontein-Konferensie

tussen

President Kruger en Sir Alfred Milner

31 MEI — 6 JUNIE 1899

Historiese Episode in Twee Tonele met Voorspel en
Naspel opgestel deur

DR. W. J. B. PIENAAR

Opleidingskollege, Kaapstad

Proloog deur

Prof. D. F. Malherbe

Vir Helledag- en Kultuurfeeste



NASIONALE PERS, BEPERK,
Kaapstad, Bloemfontein en Port Elizabeth.

1938

OPVOERREGTE

*Die opvoering van hierdie historiese voorstelling
is onderkswig aan 'n fooi van 10s., streng vooruit-
betaalbaar aan die Nasionale Pers, Bpk., Kaapstad.*



FRES. PAUL KRUGER

VOORWOORD

Die historiese een-bedryf hier aangebied, vloei uit 'n besluit van die Bestuur van die S.A.O.U.-tak, Paarl: dat met die oog op die viering van Kultuurdag die Paarlse skole versoek word om elk 'n hoofmoment uit die geskiedenis van Suid-Afrika dramaties voor te stel.

Die opsteller het namens die Paarlse Opleidingskollege, waar hy toe werksaam was, onderneem om die ontmoeting tussen president Kruger en sir Alfred Milner op Bloemfontein, een van die gewigtigste gebeurtenisse in ons geskiedenis, in geskikte vorm op te stel en as deel van die program voor te dra. So 'n program is gereël en met groot sukses in die Paarlse stadsaal uitgevoer.

Met die viering van Helderdag in 1936 deur die A.N.S. is hierdie historiese episode nog eens in die stadsaal, Kaapstad, voor 'n geesdriftige gehoor deur die Paarlse Opleidingskollege opgevoer. Die opsteller wens hiermee mnr. W. A. Joubert, die prinsipaal, die personeel en die studentespeleers (waaronder veral mnr. J. P. van der Merwe wat so 'n waardige en treffende Oom Paul in voorkoms, houding en gebaar uitgemaak het) vir hul medewerking te bedank. My innige dank veral ook aan professor D. F. Malherbe vir sy klinkende voorwoord.

Die doel van die oorspronklike voorstel was nie alleen om geskikte stof vir Kultuur- en Helderdagfeeste te verskaf nie, maar ook om ons volksdrama te bevorder. Die Afrikaner moet dit verder bring as verdienstelike historiese optogte en voorstellings. Ons toneel, en veral ons historiese drama, wag op ontwikkeling en ondersteuning. Wel is ons drama van die begin af nasionaal en historiese gewees, maar die grootte en romantiese gang van ons geskiedenis is nog nie in waardige vorm, soos in die Griekse drama en die werk van Vondel, Shakespeare, Schiller e.a., dramaties uitgebeeld nie.

Sulke werk is uit die lewe en kultuurbehoefte van die volk gebore, en as ons feeste kon reël waar daar ook geleentheid sou wees om ons geskiedenis in dramatiese vorm te verwerk en op te voer, kan daar 'n kragtige toneelbeweging uit voortspruit. Die Drama is, na die Epos, nie alleen die hoogste literêre kunsvorm nie, maar ook maatskaplik die belangrikste. As letterkundige soort hooggeag in letterkundige kringe, bereik dit die groot publiek alleen deur middel van die toneel. En as beskaafde volksvermaak is die Drama veral geskik om 'n boodskap te dra wat die volk kan verstaan en in geestelike waardes kan omskep.

Met hierdie stuk wil die opsteller nie aanspraak maak op oorspronklikheid nie. Hy het nie probeer om 'n toneelstuk te skryf nie. Persone, taal en gedagtes — alles is deur die Geskiedenis self verskaf, en getrou, met die nodige inkorting natuurlik, gebruik. Wel was die plan eers om minstens 'n een-bedryf uit die historiese gegewens te skep, maar die episode het vanself geblyk 'n epiese fragment te wees, waardig, groots en dramatiespannend, sodat omwerking as heiligskennis deur piëteitsgevoel belet is.

Die Bloemfonteinse Konferensie, gehou van 31 Mei tot 6 Junie 1899, was streng geheim en vertroulik van aard. Daar is geen notule gehou nie; nogtans het historici uit briewe en amptelike stukke en herinneringe, soos dié van F. Rompel e.a., 'n verslag van die konferensie en sy afloop kon opstel.

Die bronne hier gebruik, is veral:

„Die Staatkundige Ontwikkeling van die Transvaal“:

Botha.

„The Milner Papers“: Cecil Headlam.

Die besonderhede word daar meestal opsommingswyse aangegee. Al wat die opsteller moes doen, was om dit in die direkte rede oor te bring, die vertalings van die tolk by te bring, en die geheel in geskikte vorm met toneelaanwysings op te stel.

Die voorstelling is histories juis tot op die twee kabelberigte toe, behalwe dat hulle, om vanselfsprekende redes, hier voorgelees word. Die eerste kabelgram is wel tydens die sitting afgelewer aan lord Belgrave en deur die Engelse ondermekaar glimlaggend gelees. Hieroor skryf Headlam as volg:

„One ray of humour lit the darkness of that troublous day. While the two protagonists were engaged in the duel of debate a telegram was delivered to Lord Belgrave, Sir Alfred's A.D.C. It was handed to him with great ceremony; he opened, read and passed it to his chief, who nodded to him and smiled. It was shown to the other members of the High Commissioner's Staff who all looked much pleased. The telegram was finally returned to Lord Belgrave, who put it into his pocket.

„The Boers were immensely intrigued by this little scene, for they could not imagine what its political significance might be. They need not have worried. The telegram ran as follows: 'Flying Fox won the Derby.' Westminster.”

Die tweede kabelgram is werklik eers vier-en-twintig uur na afloop van die konferensie deur Milner ontvang. As dit vier-en-twintig uur vroeër aangekom het, kon dit, volgens sommige, die hele loop van ons geskiedenis na 1899 verander het. En daar bestaan geen twyfel nie dat die toegewendheid van Oom Paul, die groeiende tevredenheid onder die gros van die uitlanders en Engelse politieke teenstand teen die beleid van Chamberlain, saam met die internasionale situasie, bereken was om die oorlogswolke te verdryf. Maar ongelukkig was Milner die hoofaanvoerder en het hy as sulks, soos die kabelgram tewens ook bewys, selfs Chamberlain oortref. In elk geval was die konferensie oor toe Milner die boodskap ontvang, en vier-en-twintig uur sou heel waarskynlik aan sy beleid geen verskil gemaak het nie. In briewe aan Chamberlain sê Milner: „I think I was wrong in breaking off the conference quite



as quickly as I did. Perhaps extreme fatigue had something to do with it. My hand can hardly hold a pen. Of course I should not have broken off as I did, had I had your telegram urging delay in time. That came the next morning."

As onthou word dat mislukking van die konferensie, volgens Milner self, oorlog ten gevolge sou hê, dat Oom Paul aan nagenoeg al Milner se eise toegegee het, en dat selfs Chamberlain gevoel het dat Milner te ver gaan — dan het ons in hierdie ongelooflike ontboeseming die skouspel van 'n diplomaat wat 'n oorlog veroorsaak, omdat *hy moeg is*, en word van ons verwag om liggaamlike uitputting beide as oorsaak van en verskoning vir sy noodlottige optrede aan te neem.

Maar let op die woorde: „*I should not* have broken off” Kan die verskil van werkwoordelike wys, soos hier tussen *should* en *would*, ooit meer betekenisvol wees? Dit het hier die lot van 'n volk beslis.

Die opsteller het niks verdraai, en nie probeer om persone of sake in enige besondere „lig” voor te stel nie. Van Afrikaanse kant sou dit ook onnodig gewees het. Die stem van die verlede kon sy oordeel nooit duideliker uitspreek nie. Uit hierdie konferensie rys die gestalte van Oom Paul nogeens in al sy grootsheid op, soos die hoogste bergspits waarop die reënboog gaan staan en waarby die omringende spitse verdwerg.

* * *

Met die voorstelling in Kaapstad het vooraanstaande Afrikaners getuig van die diepe indruk wat hulle ontvang het, maar hul twyfel uitgespreek of die opsteller wel gelyk had om Oom Paul in die slottoneel as so 'n gebroke en tragiese figuur voor te stel. Hiervoor het die getuienis van sir William Butler, gestaaf deur herinneringe soos dié van mnr. Rompel, tot grondslag gedien. Sir William Butler skryf as volg:

„An episode in the conference comes to mind as I now write . . . Kruger's feelings overcame him and he exclaimed bitterly: 'It is our country you want; it is our country you want!' The old man bent his head between his hands and the tears flowed down the weather-beaten face.”

En in *Die Burger* van Saterdag, 16 Oktober 1936, vertel mnr. Rempel as volg: „Die meeste telegramme het 'n toon van die grootste optimisme gehad. Alleen president Kruger het gevrees vir wat die einde sou wees. Ek het dit geweet, omdat ek sy trane en sy rooi omrande oë gesien het nadat die konferensie met die latere lord Milner op 'n mislukking uitgeloop het.

„Die dag na die noodlottige afloop is 'n Sondag. In die oggend gaan ek na die woning van Charles Fichardt, waar die President tuis is. Ek kan die President nie vind nie. Dr. Hymans, sy lyfarts, nou ons gesant in Rome, vertel my dat hy waarskynlik in die tuin is, en met al die gevoeligheid van sy goue Vlaamse hart wat so warm vir die President geklop het, voeg hy daarby: „Die President het baie gehuil vannag. Sy oë was vanmôre meer ontstoke as ooit, en toe ek hom daaroor die les lees, was sy antwoord: Ja, Dokter, ek het nie geslaap nie; ek het die hele nag deur gehuil, net gehuil en gebid.’

„Later ontmoet ek die President in die tuin, maar ek het hom nie aangespreek nie, niks gevra nie. Joernaliste is onbeskeie, so sê hulle, maar ek het as koerant-skrywer nie die moed en parmantigheid gehad om met hom te gaan praat wat daar geboë en met oë rooi geswel van die huil gestap het nie. „Kruger se Gethsemane' het Langenhoven daardie voorval genoem, toe ek hom dit vertel. Later het president Steyn gekom en die twee het die huis en 'n kamer binnegegaan.

„Die volgende dag vertrek ons in die aand na Pretoria. Die President gaan vroeg slaap, soos sy gewoonte is. Al langs die stasies waar ons verby gery het, het die

mense gestaan, selfs diep in die nag, stil en eerbiedig, om die staatshoof nie in sy nagrus te stoor nie. Ek weet nie of die President geslaap het nie; ek het geen oog toegemaak nie; altyd weer het ek die gestalte van droefheid voor my gesien.

„Toe op die volgende môre die dag weer stralend begin, was ek buite op die perron voor die President se spoorwa. Binne het hy gesit en gesels en rook, en daar was niks meer van die verpletterende smart van die vorige Sondag nie. Ek het verstaan. Teenoor sy volk mog hy nie die man van smarte wees nie. En oral waar die trein stilgehou het en die mense gestaan en wag het om die Transvaalse staatshoof te groet, het hy 'n kort woord gespreek om hulle te dank en moed in te praat.

„So was dit ook in Pretoria by sy aankoms. Die mense het nog niks geweet nie, want daar was ooreengekom met Milner dat die besluite van die konferensie eers Woensdag openbaar sou gemaak word, gelyktydig in Pretoria en in Londen. President Kruger se woord was weer opheffend; alleen dié wat geweet het, kon in sy stem iets hoor tril van 'n droefheid en 'n wee wat hom beklem het.”

Oom Paul, met sy ongeëwenaarde deursig, het besef dat die end naby was, en in die Bloemfontein-konferensie die verplettering van sy volksideaal gesien. Hierdie so gewigige moment in ons geskiedenis was dan ook 'n noodlottige klimaks in Paul Kruger se lewensdrama.



LORD MILNER

DIE BLOEMFONTEIN-KONFERENSIE:

31 MEI—6 JUNIE 1899.

Persone:

STAATSPRESIDENT PAUL KRUGER.
MNR. ABRAHAM FISCHER.
STAATSPROKUREUR J. C. SMUTS.
DIE HERE A. D. WOLMARANS, S. W. BURGER e.a.
SIR ALFRED MILNER.
MNR. FIDDES, Imperiale Sekretaris.
KOLONEL HANBURY WILLIAMS, Militêre Sekretaris.
MNR. WALROND, private sekretaris.
LORD BELGRAVE, A.D.C.

Proloog.

Voor die Gordyn.

Voorspel.

Raadskamêr, Bloemfontein, 9.50 vm., 31 Mei 1899.

Eerste Toneel.

Dieselfde.

Tweede Toneel.


Dieselfde. 10-uur v.m., 6 Junie.

Naspel.

Clarens, Switserland, 1904.

Slottoneel.

Standbeeld van Oom Paul, Pretoria, 1914.



MILITÈRE KLEREDRAG

— TONEELWENKE. —

Om sukses met die voorstelling van hierdie episode te behaal, moet die spreektempo, met behoud van die nodige waardigheid, beklemtoning, helderheid en oortuigendheid, so vinnig moontlik wees. Mnr. Fischer veral sal vinnig, met vloeiende welsprekendheid tolk, behalwe dat hy hier en daar natuurlikerwys sal soek na 'n woord.

Die voordrag moet sterk, vol en duidelik wees, maar sonder sigbare inspanning of stremming, skreeuerigheid of lawaai. Persone moet ook nie die indruk wek asof hulle lees nie, hoewel hulle hier natuurlikerwys van aantekeninge gebruik sal maak.

Die persone op die verhoog moet altoos *saamspeel* deur gedurig op die sprekers se woorde te reageer. Hierdie rol van die by-persone is baie belangrik en moet goed geefen word. Spelers vra dikwels: „Wat moet ek met myself doen terwyl die ander praat?” Die eerste antwoord hierop is: „Jy kan *luister*.” Op die verhoog—en ook daar af—is die kuns om te luister byna net so belangrik as die kuns om te praat. Die regisseur sal ook moet sorg dat die by-persone nie almal gelyk en op dieselfde manier soos 'n klomp geofende soldate reageer nie, of dat sulke by-spel nie vervelig, rusteloos of storend word nie, of enigszins die aandag van die hooffigure aftrek nie. In die toneelaanwysings word reaksies oral aangedul en die handeling van die by-persone aangegee, maar deelnemers en regisseurs moet ook hul verbeelding gebruik—sonder verbeelding kan 'n mens nie toneelspeel nie—en self aanvullings maak, hoewel dit vir onervare spelers waagsaam sou wees om te veel van die toneelaanwysings af te wyk. Spelers besef oor die algemeen nie genoeg hoedat die betreklik lydelike rol van die hoorders op die toneel die gehoor beïnvloed en help om toon aan te gee nie.



J. C. SMUTS

Wees spaarsaam met gebare en maak net gebare of bewegings wat met die repetisies beoefen en getoets is. Die groot moeilikheid wat amateurs met die uiters noodsaaklike posisieveranderings ondervind, is hier grotendeels uitgeskakel, aangesien die spelers om 'n tafel in konferensie sit. Tog sal opgemerk word dat daar in die toneelaanwysings voorsiening gemaak is vir 'n bietjie wisseling van plaas, soos b.v. wanneer genl. Smuts 'n dokument aan Oom Paul oorhandig, en wanneer die Afrikaners opspring en na Oom Paul snel, ens.

Om groter nadruk te verkry op die toneel volg die spraak gewoonlik op die handeling en gelaatsuitdrukking; selfs die tydsduurte van die mondopening, voordat spraak volg, word verleng; so ook maak jy 'n beweging om te staan, loop of sit, voordat jy praat.

Verder moet onthou word dat hierdie stuk bo die bevattings is van jong kinders of persone wat Engels of Nederlands moeilik verstaan, hoewel ouer mense van hierdie soort die voorstelling tog geniet om die herinnerings wat dit by hulle wek. Voor 'n jong gehoor sal daar beslis vooraf 'n *kort* uiteensetting van die gebeurde en die betekenis en belang daarvan moet gegee word.

Wat die nodige baarde betref, is hier geen plek vir floue snaaksighede met snorre wat in die lug opwip met elke asem, of daardie woeste oorkrullers wat soms baarde genoem word, of baarde en snorre wat skeef sit, dreig om af te val, of die spraak belemmer nie, ens. ens. Die bevredigendste manier om 'n baard te maak, is om kunshaar tot op die nodige lengtes uit te pluus en te kam, af te knip en elke stukkie na-aan sy punt met vars gom op die wange, ens. aan te plak. Gebruik 'n kwassie om die gom aan te sit. As die hare goed vassit word dit verder gekam, aanmekaar gestryk en dan met 'n skêr in fatsoen geknip. 'n Botteltjie gom en 'n paar voet kunshaar, wat in 'n groot verskeidenheid van kleure

te koop is, is genoeg vir baie opvoerings. 'n Firma soos J. R. PETERSEN, PARLEMENTSTRAAT, KAAPSTAD, verskaf betroubare vars gom.

Alle neigings om die figure van die persone, Afrikaners of Engelse, in hierdie voorstelling tot karikature om te skep, moet streng geweier word. Die hele wêreld het die uitslag van hierdie konferensie in spanning afgewag. Sal ons, die nakomelinge, wat kennis het van die tragiese afloop, enigiets wat afdoen aan die gewigtigheid en waardigheid daarvan, toelaat?

Die kabelberig aan lord Belgrave is die enigste luimigheid wat hier voorkom. Dit verbreek tydig en tydelik die spanning wat nie aaneen kan volgehou word nie. Ook verskaf dit nie alleen 'n geleentheid vir die *wisseling* van stemming nie, maar daarby 'n treffende en ironiese teenstelling. Eenkant laat dit ons beseft dat die diepste erns nie ver van die ligste luim lê nie; anderkant, dat dit net so onmoontlik is vir lord Belgrave om te beseft wat in die gemoed van Oom Paul omgaan, as dit vir Oom Paul is om hom onder omstandighede met perde-*renne* onledig te hou.

Die lees van die kabelgramme moet besonder knap gespeel word met Belgrave en Smuts heel voor op die toneel — 'n paar oomblikke van dramatiese stilte en dan die totaal onverwagte inhoud — Boere eers verslae, dan lag hulle hartlik.

Met die lees van die laaste kabelgram moet sorg gedra word dat Oom Paul nog sigbaar is met Milner se laaste woorde, sodat die hoop nog vir 'n oomblik oplewe dat Milner om 'n hervatting van die onderhandelings sal versoek.



SCHALK WILLEM BURGER

OUVERTURE EN PROLOOG

Die Proloog word voorafgegaan deur 'n geskikte ouverture. As geen orkes of musikant beskikbaar is nie, kan die grammofoon gebruik word. Swaar, plegtige musiek, liefs van Beethoven, is nodig. 'n Stuk soos die *La Cathéarale Engloutie* van De Bussy is ook baie geskik.

Die Proloog word *voor die gordyn* voorgedra en begelei van orrel- of klavierimprovisasie.

Twee sterk ligte van alkante van die vóór-toneel (proscenium) op die voordraer se gesig gerig, met die res van die saal en verhoog donker, is die regte beligting hier. Ook vir die ouverture moet die saalligte gedoof word.

PROLOOG

O laat Illusie nou jul sinne lei!
Staan op want kyk, 'n Grote gaan verby:
die grootste in daad van heel die helde-ry
wat, veld-gebore, bloed en laaste pand
gewy het vir hul Boer-geboude land.
Staan op want kyk, 'n Grote gaan verby,
'n Boerkolos wat in die onheilsdag
die gruwel-grom verneem van trotse Mag
en staan teen aantog van 'n wêreldwolk,
beproof word, hy alleen vir heel die volk.
En snel begrypend vyands woekerwil
en vasseplande strewe, Satansgril,
sien hy sy volk se ongebore wee
en drink die beker van Gethsemané,
diep-menselik ontroer — die Héros ly
maar onverwinlik in sy hoogheid bly
Die skale weeg die toekomslyding af,
die sielsgoud weeg, wat blink oor pyn en graf;
groot brand die hartevlam deur niks te'ontroof,
in swart nag helder brand sy Godsgeloof.
Wie groot soos hy was in sy worstel-lye,
hy het geleef vir alle toekomstye.

D. F. MALHERBE.

VOORSPEL.

TONEEL: Bloemfontein, 9.50 v.m., 31 Mei 1899. Raadsaal met skilderye van historiese persone op mure; paneelwerk 5 voet hoog om die mure.

Ses-voet-tafel in middel voor met stoel aan smal kante en in middel agter. Drie stoele om linkerhoek agter en vier om regterhoek agter. Meublement swaar en donker; kìaathout aanbeveel.

Beligting: Vloedlig soos met Proloog. Gordyn gaan op en 'n aankondiger (*agter die skerms*) roep plegtig met vol, welluidende stem die naam van elkeen van die persone uit, wat dan onmiddellik verskyn.

Eerste kom mnr. Abraham Fischer regs op. Hy het 'n rol papiere in die hand en 'n legger onder die arm. Hy het die houding van 'n besige man en stap oor die verhoog links af.

Dan staatsprokureur J. C. Smuts, lewendig, opgewek, stap regop; word gevolg deur die here A. D. Wolmarans en S. W. Burger. Hulle is in gesprek, staan 'n oomblik stil, maak gebare asof 'n bietjie opgewonde, en gaan taamlik vinnig links af.

Dan volg mnr. Fiddes in gesprek met lord Belgrave wat met gemaklike houding 'n grap vertel. Hy rook 'n sigaar en dra, nes Milner, 'n oogglas.

Sir Alfred Milner volg. Hy is kort en stap beslis, deftig, amper parmantig, vinnig en op sy hakke. Hy het 'n taamlike groot snor, maar geen baard nie. Halfpad oor die verhoog draai hy half om, kyk fier oor die gehoor en dan in die rigting van die ingang vanwaar kolonel Williams te voorskyn kom, gevolg deur mnr. Walrond. Williams sluit by Milner aan met 'n mededeling wat Milner vir 'n oomblik laat stilstaan. Hulle stap stadig in ernstige gesprek verder, vooruitgegaan deur mnr. Walrond.

Oom Paul kom laaste. Hy stap stadig, maar ferm met 'n stok op; het 'n jas aan; stap geboë. Hy staan en kyk ver oor die gehoor, en sodra die applous afneem, begin die aankondiger *agter die skerms* die volgende treffende gedig van Jan Celliers voordra:

KRUGER

Soos 'n berg, ongebuk,
breed en bonkig van stuk,
dis hy!

Die gelaat, hap vir hap
uit die kranse gekap,
elke kerf, elke knou
harde noodlot se hou;
elke moet, elke merk
vryheidsvyand se werk,
dis hy!

Groot-simpel gerig
deur die Woord as sy lig.
Sonder traan, sonder lag,
stil en stoer in sy krag.
Maatsegaal in sy daad,
wysheidwigtig sy raad —
suinig woord, raak en kort
soos 'n skot uit 'n fort.
Nie soos storrem wat woel,
dog onkeerbaar en koel —
Soos die Vaal se vloed gly
dis hy!

Simsonkragtig gepees
soos die korpus, die gees.
Wie die weg ons berei
wat tot vryheid sal lei
dis hy!

JAN F. E. CELLIERS

*Uit die Lewenstuin en ander Gedigte met toestemming
van die skrywer en uitgewer.*

Onder die voordrag het Oom Paul stil, sonder om 'n spier te vertrek, voor op die verhoog bly staan. Nou stap hy waardig en stadig links af. Twee Transvaalse polisiebeamptes stap oor die verhoog agter hom aan.

Gordyn sak.

DIE BLOEMFONTEIN-KONFERENSIE.

EERSTE TONEEL

TONEEL: *Dieselfde as vorige. 10-uur v.m.*

Verhoogligte vol aan met vloedligte op gesigte van OOM PAUL en MILNER.

Wanneer die gordyn opgaan, het al die persone reeds plaasgeneem om die tafel. Teenoor mekaar aan die smal kante sit OOM PAUL en MILNER. In die middel met sy gesig na die gehoor, sit FISCHER. Regs van hom WOLMARANS en BURGER met SMUTS skuins agter OOM PAUL.

Aan MILNER se kant groepeer die Engelse hulle, sodat elkeen sover moontlik sigbaar is vir die gehoor.

FISCHER is besig met skrywe; papiere en boeke langs hom. MILNER maak aantekeninge; OOM PAUL sit diep in gedagte voor hom en kyk met sy hande op die tafel.

Stilte.

LORD BELGRAVE fluister iets aan KOLONEL WILLIAMS wat glimlag; SMUTS staan op en oorhandig 'n dokument aan OOM PAUL wat stadig orent kom, die dokument voor hom laat plaas en daarin begin kyk.

WOLMARANS en BURGER geïnteresseerd in briewe. SMUTS gaan sit. WALROND en FIDDES (wat desnoods aan 'n tafeltjie kort agter MILNER geplaas kan word) staak 'n fluisstergesprek en blaai deur dokumente. Stilte; geskraap van Fischer se pen hoorbaar (met die naels van middelvinger en duim kan hierdie geluid goed voorgestel word; gelyktydig ook kan met 'n stokkie op 'n gewone skryfblok agter die skerms

„geskryf” word). Meteens kyk MILNER vinnig en vraend op, FISCHER knik instemmend en MILNER staan op. Sy houding is fier en beslis, sy stem hoog en sterk, met klimmende intonasie soos hy ernstiger word; slotwoorde en klanke artikuleser hy sterk met dalende stembuiging. Kruger spreek hy „Kroodger” uit; sin-snedes sê hy vinnig met dramatiese pouses tussenin. Hy praat soos iemand wat alreeds tot ’n beslissing gekom het.

MILNER: „Mr. President and delegates, in opening the discussion at this conference, I feel it my duty to state succinctly and clearly what the attitude of Her Majesty’s Government is in regard not only to this momentous meeting between her representatives and those of the Transvaal Republic, but also to the whole question of the present relations between the two governments and the extreme gravity of the situation that has arisen.

The primary cause of all this increasing bitterness is the policy which the Transvaal has followed against the Outlander. The Government of the Transvaal must mitigate the severity of its attitude towards the foreigner. (Hy kyk Oom Paul stip aan wat beweging-loos soos ’n standbeeld voor hom uit staar. Wolmarans en Burger kyk mekaar aan; Fischer wou net sy pen in die inkpot steek, maar voel die dramatiese stilte en hou die pen in die lug, Fiddes skuiwe ongemaklik, Belgrave draai hom stadig na Oom Paul. Milner effens verleë omdat sy woorde geen indruk op Oom Paul maak nie, hervat): **This, though I am prepared to consider other relevant matters, is the main question at issue and must be regarded as the central point of our deliberations at this conference.**

Mr. Kruger has made the reservation that he would consent to take part in this conference only on condition that nothing touching the independence of the

Transvaal is discussed. I must, however, point out that England regards it as her duty to support the outlanders, being as they are, her subjects, but that once they have become subjects of the Transvaal, England's interest in them would cease and she would not interfere in what would then be regarded as the internal affairs of the Transvaal Republic."

Hy sit. Almal verslap hul gespanne houding en keer hulle na FISCHER wat, nadat hy nog 'n laaste woord geskryf het, saaklik opspring en vinnig begin tolk. OOM PAUL lig hom effens en draai hom ook in dié rigting; hy luister nou met aandag en skud nou en dan sy kop stadig. SMUTS verdiep hom in 'n dokument, 'n ander speel met 'n potlood, BELGRAVE neem snuif, MILNER en die ander kyk na OOM PAUL.

FISCHER: „Zijn Excellentie zegt dat de strijdvrage tusschen zijn regering en die der Transvaal daagelijks in aantal en onaangenaamheid aangroeien. De toestand is bedenkelijk en de hoofdoorzaak hiervan is het beleid van de Transvaal tegenover de uitlanders. Het gevoel is bitter. De Transvaal moet zija houding tegenover hen verzachten. Dit is het hoofdpunt waarover deze Conferentie zal moeten gaan, hoewel zijn Excellentie gewillig is ook andere verschilpunten te overwegen. U hebt de voorwaarde gesteld, voordat u naar deze Conferentie gekomen bent, dat niets aangaande de onafhankelijkheid der Transvaalse Republiek zou worden besproken. Maar Engeland beschouwt het haar plicht de uitlanders als haar onderdanen te ondersteunen. Indien zij Transvaalse onderdanen waren, zou Engeland in hen niet meer belangstellen en niet meer tusschenbeide komen."


FISCHER gaan sit. Die Engelse kyk met belangstelling na OOM PAUL; die Afrikaners hcu hul asem op. OOM PAUL kom orent in sy stoel (sonder op te staan), met hande op die tafel en praat met 'n diep stem in

onafgebroke tempo en sonder gebaar, behalwe dat hy sy hande nou en dan van die tafel oplig.

OOM PAUL: „De houding van de Hooge Kommissaris moet, vrouwen wij, als vriendschappelijk en geenzins als gebiedend of als inmengend met de zaken der Transvaalse Republiek beschouwd worden. In deze zin zullen wij gereed en zelfs gewillig zijn met hem tot de bespreking onzer strijdvragen over te gaan. Ja, zelfs zullen wij geduldig naar zijn raadgevingen willen luisteren, zolang de bespreking niet loopt over de onafhankelijkheid van onze Republiek. Dit artikel is niet te bespreken.

Ik ben gewillig toegevend te zijn, en concessies te maken; trouwens hebben wij reeds veel toegegeven, maar wat hebben wij hiervoor ontvangen? Niets meer dan leugenachtige memorieën en protesten.

Uw Excellentie heeft de kwestie van de behandeling der uitlanders door onze Republiek tot hoofdvraag dezer conferentie gesteld en wel in bijzonder, geloven wij, de toekenning van het stemrecht aan hen. Maar wij hebben ze alreeds het stemrecht toegekend, hoewel wij natuurlijk verplicht zijn die toekenning zoo te schikken dat zij niet allen gelijktijdig stemgerechtigd worden. Ons beleid is het tijdperk, waarbinnen uitlanders het stemrecht kunnen verkrijgen, alzoo te verminderen dat zij geleidelijk stemgerechtigd zullen worden, zonder dat er gevaar bestaat dat zij onze burgers zouden kunnen uitstemmen, onze wetten omverwerpen en onze staat regeeren. Wij hebben slechts 30,000 stemgerechtigde burgers en er zijn 70,000 uitlanders. Maar de zaak wordt verergerd doordat zij niet eerlijk zijn wanneer zij voorgeven gretig te zijn het stemrecht te willen verkrijgen. Zelfs diegenen die genaturaliseerd waren, hebben geweigerd de lasten van burgerschap te willen dragen. Met de laatste Kafferoorlog hebben zij geweigerd de wapenen op te



A. FISCHER

C

